

21 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:13-25

Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:13

Hou die hoop lewendig

Ons tyd word deur 'n proses van hervorming gekenmerk. Die kerk wat met die bron van hervorming – die Woord – werk, raak al stiller. Op alle lewensterreine word na nuwe norme en waardes gesoek. Grense moet opgehef word. Hierdie wêreldse hervormingsproses laat die gelowiges dikwels terugdeins. Daarom Petrus se oproep: Hou die hoop lewendig.

Petrus skryf aan gelowiges onder baie moeilike omstandighede. Hulle is vreemdelinge in 'n heidense omgewing. As gevolg van die beproewings was hulle besig om hoop op te gee. Hulle het teen die omstandighede vasgekyk. Petrus bemoedig hulle deur aan hulle hul eindbestemming te verkondig. Die omstandighede bepaal nie die toekoms nie. God het hulle geroep om daar diensbaar te wees. Om staande te bly en perspektief te behou in alles, vra dat daar aan die Woord vasgehou sal word. God se Woord bly vir ewig en Hy bly by sy beloftes daarin. Wie te midde van die moeilikste omstandighede wakker en nugter is, hou aan God se beloftewoord vas. Dan sal ons gesprekke nie oorheers word deur die sosiale, ekonomiese en politieke struikelblokke op ons lewenspad nie. Die genade van God in Jesus Christus gee vir ons hoop, want ons aandag is op die wederkoms van Christus.

Hierdie lewende hoop het 'n uitwerking op my daaglikse lewe. My lewe word nou nie meer ingerig volgens my eie selfsugtige begeertes nie. My lewe is heilig, want God is heilig. 'n Heilige lewe raak eerstens ons verhouding met God. Ons leef nou in eerbied vir God. Uit eerbied vir God maak ek erns met my diens aan God. Uit eerbied vir God leef ek uit sy Woord en vlug vir die sonde. Tweedens raak 'n heilige lewe my verhouding met my naaste. Daarom Petrus se opdrag dat ons mekaar moet liefhê. Om te volhard in die hoop op die genade wat ons deel word by die wederkoms van Jesus Christus, is onderlinge liefde 'n voorwaarde, en daartoe word ons gemotiveer deur ons reaksie op die lewende en ewige Woord van God.

Sing: Skrifberyming 1-1:3, 7

Dr. TC de Klerk (Okahandja)